HOOFSTUK
8
# Hersiening

**1** Eish Technologies is a onderneming wat nuwe hoë tegnologiese rekenaarsagteware ontwikkel

## Inligting

Jy word van die volgende inligting voorsien:

1 Uittreksel uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 20.6:

| | |
|---|---|
| Verkope | R920 000 |
| Koste van verkope | R644 000 |
| Bruto wins | R276 000 |

Uittreksel uit die Balansstaat op 31 Desember 20.6:

Bedryfslaste:

| | |
|---|---|
| Bank | R130 000 |

2 Inligting rakende verkope

| | November | Desember | Januarie | Februarie |
|---|---|---|---|---|
| | Werklike | Werklike | Begrote | Begrote |
| Verkope | R80 000 | R79 000 | R85 000 | R86 000 |

3 Debiteure-invorderingsperiode: 30% in die maand van verkope en 70% in die volgende maand.

4 Die onderneming het 'n beleid om voorraadvlakke te onderhou. Alle aankope is op 'n kredietbasis. Krediteure word betaal in die maand wat volg op die aankope.

5 Gedurende Februarie 20.7,sal 'n ou masjien verkoop word vir R7 000 en vervang word met 'n nuwe een van R11 000.

6 Nie-bedryfslening: Eish Technologies beplan om op 1 Januarie 20.7'n lening te verkry vanaf Help Yourself Bank. ’n Bedrag van R33 000 sal in die onderneming se rekening op 15 Januarie 20.7 betaal word. Dit moet terugbetaal word in 30 gelyke paaiemente van R1 500 (rente ingesluit), beginnende op 28 Februarie 20.7.

7 Ander inkomste en uitgawes:

» Ander uitgawes vir die 20.7 finansiële jaar bedrag beloop R148 000 en word gelykop verdeel tussen die maande. Voorsiening vir waardevermindering vir die bedrag van R4 000 is hierby ingesluit. Alle ander uitgawes is kontantuitgawes.

» Ander inkomste: 'n Gebou word maandeliks verhuur teen 'n maandelikse huur van R2 800.

## Gevra

**1.1** Stel die Kontantbegroting vir Eish Technologies vir die twee maande geëindig 28 Februarie 20.7 op.

1.2 Eish Technologies wil 'n stuk grond aankoop om 'n nuwe fabriek te bou Sagteware ontwikkeling benodig nie fabriek Die kosprys van die grond is R2 000 000 en, indien gefinansier sal die betaling per maand R40 000 wees. Berei 'n verslag voor vir die eienaars om die effek dat hierdie aankope op hulle kontantbegroting te verduidelik.

---

2 Hierdie vraag hou verband met Ruby Handelaars

## Inligting

**Proefbalans op 28 Februarie 20.9 (uittreksel uit die vorige finansiële jaar)**

| Nominal rekeninge-afdeling | Debiet | Krediet |
|---|---|---|
| Verkope | | 360 000 |
| Koste van verkope | 225 000 | |
| Huurinkomste | | 24 000 |
| Korting ontvang | | 1 200 |
| Lone en salarisse | 48 000 | |
| Oninbare skuld | 1 440 | |
| Telefoon | 6 000 | |
| Diverse uitgawes | 7 200 | |

Die bogenoemde syfers was verkry voordat die rekenmeester die Inkomstestaat vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 20.9 opgestel het

## Addisionele inligting

1 Daar word geskat dat die verkope sal vermeerder met 30%per maand vanaf 1 April 20.9.

2 Die brutowinspersentasie op kosprys is 60%.

3 Ander verwagte inkomste vir die komende twee maande:
- Die huurder se huurkontrak verval op 31 Maart 20.9. Huur sal vermeerder met 15% p.j. effektiewelik vanaf 1 April 20.9.
- Die totaal van korting ontvang sal vermeerder met 5% vir die nuwe finansiële jaar.

4 Verwagte bedryfsuitgawes:
- Telkom het 'n verhoging aangekondig. Die telefoonrekening sal verhoog met 20% vir die nuwe finansiële jaar.
- Oninbare skuld verteenwoordig 2% van die gemiddelde jaarlikse kredietverkope en bly onveranderd. 50% van verkope is kredietverkope.
- Geen toerusting sal gekoop of verkoop word gedurende die volgende finansiële jaar. Die kosprys van toerusting was R24 000. Waardevermindering is afgeskryf op kosprys teen 10% per jaar.
- Alle ander uitgawe items sal vermeerder met 5% vanaf 1 Maart 20.9.

## Gevra

Die nominal afdeling van die eenmansaak, Ruby Handelaars, se proefbalans, word hierbo gegee. Jy is gevra om al die nodige inligting in ag te neem en dan die begrote (geprojekteerde) Inkomstestaat vir die maande van Maart en April 20.9 op te stel. Ignoreer sente in jou berekeninge; gebruik slegs randwaardes.